**Die Woord van God is lewend en kragtig**

**Heb 4:11-13**

**17 April 2022**

1. Heb 3:1-4:13 – Die Seun is die Apostel (en Hoëpriester) van ons geloof
2. 4 Oproepe:
    a. Heb 3:1 – Let noukeurig op Jesus
    b. Heb 3:13 – Spoor mekaar aan solank daar nog 'n vandag is
    c. Heb 4:1 – Vrees dat julle nie agterbly nie
    d. Heb 4:11 – Beywer julle om in die rus in te gaan
3. Die volk het destyds bykans die rus ingegaan: hulle was op die grens van die beloofde land, hulle was een dag laat (Num 13-14, 14:40) – dit is hoekom daar soveel dringende oproepe is
4. Heb 4:1 – as jy agterbly is dit reeds te laat; Heb 4:11 – beywer jou pro-aktief vir die rus
5. Heb 4:11 – Beywer: benodig doelbewuste toewyding, menslike verantwoordelikheid (vgl Ef 2:8-9, 2 Pet 3:1-7, 10-11)
6. Woord van God (Heb 4:12)
    a. Seun = Woord (Joh 1:1) = Apostel/Profeet (Heb 3:1)
    b. Die Woord is lewend
        i. Relevant in alle tye vir alle vraagstukke
        ii. Woord skep lewe deur die werk van die Heilige Gees (Eseg 37, 1 Pet 1:23)
    c. Die Woord is kragtig
        i. Woord keer nie leeg terug nie, bewerk wat God wil (Jes 55:11)
        ii. God het geskep deur Sy Woord (Gen 1)
        iii. God se eed in Num 14 oor eerste en tweede geslag het gerealiseer
    d. Die Woord is skerper as enige tweesnydende swaard
        i. Sny tot lewe of tot dood
        ii. Skeiding tussen siel en gees
            - Gees – setel van diens aan God (Rom 1:9, 1 Kor 14:14)
            - Siel – setel van emosies en self (1 Sam 18:1, Gen 42:21)
        iii. Woord kan onderskei of gees onderskeibaar is van die siel – kan ook geestelike lewe werk
        iv. Woord kan selfs bedoelings en begeertes agter dade aan lig bring
7. Vir God is alles sigbaar – alles is oop en bloot (Heb 4:13) – Hy kan dus oor alles oordeel
8. Argument in Heb 4:11-13
    a. Oproep: Beywer julle om in die rus in te gaan (vers 11)
    b. Hoekom moet ek my beywer? Want God gaan oordeel en net sommiges gaan in (vers 13)
    c. Volgens watter maatstaf gaan God oordeel? Hy gaan sy Woord gebruik (Op 2:12, 19:15)
    d. Hoe moet ons ons nou beywer om in die rus in te gaan? Ons moet die Woord gebruik (v12)
        i. Woord is skerp swaard wat my gees en siel kan blootlê, kan selfs bedoelings van die hart beoordeel
        ii. Woord is lewend en kragtig – instrument waardeur God lewe werk